Wie is Christus?

"Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is." **(Op 1:17)**

One encounter with Jesus Christ is enough to change you, instantly, forever. - **Luis Palau**

Week 1

Inleiding

Welkom by ons studie oor die 7 gemeentes in Openbaring. Dit is baie belangrik om eers die inleiding te lees voordat jy met die studie begin. In die inleiding word daar uiteengesit hoe ons hierdie studie gaan benader.

In hierdie Bybelstudiereeks gaan ons kyk na die 7 gemeentes wat in die Bybel se tyd in Klein-Asië (vandag Turkye) was. Johannes was 'n gevangene op die eiland Patmos en daar het die Here Jesus aan hom verskyn en 'n boodskap gehad vir die spesifieke gemeentes.

Hierdie gemeentes het, net soos ons vandag, baie uitdagings in die gesig gestaar. Elke gemeente se lede was aan dieselfde elemente blootgestel waaraan ons ook vandag blootgestel word. Van die gelowiges het selfvoldaan en trots geword. Ander gelowiges het stadig maar seker agter die wêreld aan geloop en nog ander het in die strik van vals lering getrap. Daar was

ook gelowiges wat hewig vervolg was en wat vasgehou het aan die Woord en volhard het, al het dit hulle lewens gekos.

Ons gaan na elke gemeente kyk en na die gelowiges wat in daardie gemeente was. Ons gaan hulle 'n bietjie ontleed en kyk hoeveel van daardie eienskappe, waarskuwings en aanmoediging van toepassing is op ons vandag.

Voordat ons egter na die ontvangers van hierdie briewe kan kyk, moet ons eers kyk na die Skrywer van hierdie briewe. Wie is Hy en waarom skryf Hy hierdie briewe vir hierdie gemeentes?

Wie is Christus

Tema teks: Openbaring 1:9-20
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Wanneer iemand vir ons sou vra wie Jesus is, kan daar maklik een van drie beelde in ons gedagtes opkom.

Beeld #1: Jesus die Baba **(Luk 2:7)** – Ons ken Jesus as die baba wat in doeke toegedraai is. Almal van ons ken die kersverhaal, hoe Jesus gebore is en daar nie plek in die herberg was vir Hom nie. Alhoewel ons maklik kan dink aan 'n baba wanneer ons dink aan liewe Jesus, is dit nie wie Jesus nou is nie.

Beeld #2: Jesus die Gekruisigde **(Luk 23:33)** – Ons ken ook die geskiedenis van Jesus se kruisiging baie goed; die wreedheid van die Jode en Romeine wat kragte saamsnoer om ons Christus te kruisig. Die weerloosheid en swakheid van Christus aan die kruis is aan ons almal goed bekend.

Beeld #3: Jesus die Opgestane Here **(Joh 20:26-29)** – Die oorwinning is finaal. Jesus het die dood oorwin. Hy het nie net aarde toe gekom as baba nie, Hy het nie net vir ons sondes gesterf nie, maar die Here Jesus het ook opgestaan en het die

dood oorwin.

GESPREKSVRAAG:

Lees weer **Lukas 2:7**, **23:33** en ***Johannes 20:26-29*** . Hoe beïnvloed hierdie verse ons idee van wie Christus is? Hoe sou dit sleg wees vir ons geloof as ons net na een van die beelde sou kyk sonder om die ander in fokus te hou?

_____

_____

_____

_____

Christus in sy Magtige Heerlikheid

*Lees **Openbaring 1:7-8** en **17-18***

Johannes, wat een van die dissipels was, het Jesus goed geken. In die evangelie wat hy skryf, verwys hy baie na hoe naby hy en Jesus aan mekaar was. Johannes was daar toe Jesus verskeie wonderwerke gedoen het **(Joh 2)**. Hy was daar toe Jesus verheerlik was **(Luk 9:28)** en hy was daar elke tree toe Jesus gekruisig was **(Joh 19:27)**. Hy was daar toe Jesus ná sy opstanding aan hulle verskyn het, hy was daar toe Jesus opgevaar het hemel toe en toe die Heilige Gees uitgestort was.

Johannes het Jesus baie goed geken en tog, toe hy Jesus in sy volle heerlikheid sien, het hy van vrees platgeval en soos 'n dooie bly lê!

GESPREKSVRAAG:

Lees **Openbaring 1:17-18**. Wat kan ons leer van Christus se mag en heerlikheid vanuit die gebeure in hierdie verse? Hoe vergelyk dit met die ander drie beelde waarna ons vroeër gekyk het? _____

_____

_____

_____

_____

_____

'n Gedetailleerde beskrywing van Jesus se Heerlikheid

Lees ***Openbaring 1:12-16***

In hierdie gedeelte word Johannes opgeruk na die hemel toe. Die een oomblik is hy op die eiland Patmos en die volgende oomblik in die hemel. Agter hom hoor hy 'n sterk stem wat 'n opdrag aan hom gee. Hy moet briewe skryf aan die gemeentes.

Johannes het omgedraai om te kyk wie met hom praat, en wat hy sien, sukkel hy om te beskryf. Wat hy sien, is ons Here Jesus Christus in sy volle heerlikheid. Kom ons kyk na elke beskrywing...

Die sewe goue staanlampe en sewe sterre

Jesus staan tussen die sewe goue staanlampe – die sewe gemeentes in Klein-Asië. Dit is goud omdat dit baie waardevol is en Christus staan tussen hulle, want dit is sý goue staanlampe. Dit behoort aan Hom en dit is vir Hom van uiterste belang.

In Jesus se regterhand hou Hy sewe sterre. Hy hou dit in sy regterhand, 'n teken van sy guns en 'n teken dat Hy hulle aktief gebruik. Hierdie sewe sterre is die predikante wat hierdie gemeentes moet lei. Johannes moet die opdrag van God aan hulle stuur.

Die lang kleed

Priesters moes spesiale klere dra, gewoonlik 'n priesterlike kleed **(Eks 28:4 en 29:5)**. Jesus is nie net 'n gewone priester nie, Jesus is ons Hoëpriester **(Heb 9:11)**. Deur die Here Jesus het ons vrye toegang tot die Vader **(Joh 14:5)**.

Die goue band om die bors

Die goue band om Jesus se bors wys na sy koningskap. Jesus

is ons Koning **(Joh 18:36)**. Jesus was nooit 'n koning in hierdie wêreld nie. Christus se heerskappy is 'n ewige heerskappy wat die finale oorwinning oor die wêreld, sy vyande en Satan verseker het.

Die wit hare

Jesus se wit hare wys hier op sy kennis. Die gesegde lui: "Met die grysheid kom die wysheid!". Hier moet nie ingelees word dat Jesus oud is nie, maar dat Hy al die wysheid en kennis besit. Jesus is God en daarom is Hy alwys.

Die oë wat soos vuur vlam

Niks kan vir Jesus weggesteek word nie. Saam met al die wysheid wat Jesus besit, het Hy ook al die kennis. Niks kan vir Hom weggesteek word nie **(Mark 4:22)**. Die wit hare en die oë wat alles sien, dui op Jesus wat ook Regter is **(Matt 25:31-33)**. Jesus is dus ons Hoëpriester, Koning en Regter.

Die voete van geelkoper

Die koper gloei, want dit het so pas uit die oond gekom. Die koper was in 'n smeltoond gereinig sodat daar geen onsuiwerhede in is nie. Anders as wêreldse regters kan Jesus nie omgekoop word nie. Sy koper is suiwer – daar is geen onsuiwerhede of bedrog in sy oordeel nie.

Die stem wat druis

Christus het die finale sê. Wanneer Hy praat, praat Hy met gesag en dit wat Hy sê, is finaal. Geen mens kan met Jesus argumenteer nie; geen mens kan met Jesus redeneer nie.

Die swaard

Uit Jesus se mond kom daar 'n skerp swaard met twee snykante **(Heb 4:12-13)**. Jesus se Woord is beslissend en finaal. Dit gaan uit met 'n baie spesifieke doel en dit bereik daardie doel **(Jes 55:11)**.

Die helder voorkoms

Jesus se voorkoms is soos die son wat op sy helderste skyn. Jy kan nie in Christus se teenwoordigheid wees sonder om oorweldig te word deur sy asemrowende teenwoordigheid nie. Wanneer jy in Jesus se teenwoordigheid is, kan jy nie anders as om in verwondering op jou knieë te val nie.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Romeine 14:11**. Dink mooi oor die beskrywings van Christus wat ons nou bespreek het. Na aanleiding van Johannes se reaksie, hoe moet ons reageer rakende wie Christus is? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

In vandag se studie wou ons duidelikheid gee oor wie Jesus Christus werklik is. Dit mag wees dat ons soms aan 'n verkeerde idee vashou van wie Jesus is. Dit doen ons geloof sowel as ons verkondiging skade.

In die volgende studies gaan ons kyk na die verskillende gemeentes. Soos ons verder gaan, sal ons sien hoe die beelde van Jesus, wat Johannes vir ons beskryf het, van toepassing is op elke gemeente.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 1

Iets om te onthou

Hoe ek Christus sien, gaan bepaal hoe ek gaan lewe.

Vers om te onthou

"'*Ek is die Alfa en die Omega,' sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.*" **(Op 1:8)**

Vraag om oor na te dink

Hoe raak die beskrywing van wie Christus werklik is, my lewe vandag?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, ons kom dank U dat ons Here Jesus nie meer 'n babatjie in 'n krip is of 'n mens aan 'n kruis nie. Ons kom loof en prys U, want U het Christus verheerlik tot die Koning van die konings en die Here van die heersers. Ons aanbid U en bring al die lof en eer aan U. AMEN